


- Groet en hoor hoe dit met almal gaan.
- Oomblik om ons journey te evalueer:
- Ons het laas week afgesluit met 'n uitdaging om sekere HABITS OF THE HEART in te oefen. Hoor hoe het dit met hul poging gegaan.

Ons het mekaar uitgedaag om 3 goed te doen:

- Let elke dag daarop.
- Bid elke oggend daaroor.
- Oefen dit doelbewus in jou verhoudings.

Kon die groep dit prakties oefen?

**Die week gesels ons oor waar ons ons karakter toets: VERHOUDINGS.**
Verhoudings is die kommoditeit waarmee ons handel dryf in die koninkryk. En as ons daarmee woeker is daar vrug op ons belegging.

## INLEIDING

Om die gesprek te open kan jy kies tussen die drie vrae (of al drie doen - soos jy goeddink)

- Wat is iets wat vir jou baie lekkerder is as jy dit saam met ander mense doen?
- Wie is iemand in jou lewe wat 'n groot invloed gehad het op jou geloof?
- Vertel van 'n tyd toe 'n vriend jou gehelp het om 'n beter keuse te maak.

Lees saam:
**Kolossense 3:14**
*"Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."*

**Johannes 13:34–35**

*“Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”*

Die afgelope weke het ons gepraat oor identiteit en karakter – om die ou klere uit te trek en nuwe klere aan te trek (Kolossense 3).

Maar Paulus sê dan iets belangrik:

**Bo alles – liefde.**

Jesus self het dit baie duidelik gemaak:

- **Joh 13:35 – Die wêreld sal weet ons is Sy dissipels deur liefde.**
- **Joh 15:17 – Hy beveel ons om mekaar lief te hê.**

Geloof is dus nie net ’n persoonlike journey nie.

Geloof is ’n “social event.”

Ons kan nie Jesus volg sonder ander mense nie.

**BESPREEK:** Hoekom is verhoudings so belangrik?
Ons het gefokus op drie aspekte van verhoudings wat ons help om beter Jesus-volgers te wees.

**1. Verhoudings gee betekenis aan ons lewe**

Jesus praat van ’n boom wat vrug dra **(Johannes 15).**

’n Boom se vrug het waarde wanneer iemand dit kan geniet.

Ons glo dit van ons geloof ook:
**Ons lewens kry betekenis wanneer ander mense baat vind by die vrug in ons lewe.**

- Waar sien jy tans vrug in jou lewe?
- Wie baat by die vrug wat God in jou lewe laat groei?
- Waar kan God jou gebruik om ander mense te seën?

**2. Ons het “fynproewers” (*taste testers)* nodig**

Ons het mense nodig wat eerlik kan sê:
“Hierdie vrug is goed… of hier moet nog groei gebeur.”

Daar is twee groepe mense wat ons help groei:

**a) Mede-gelowiges**

Mense wat saam met ons Jesus volg en ons kan:
- aanmoedig
- eerlik wees
- *accountable* hou

Dit is hoekom selgroepe belangrik is.

**b) Ander mense**

Verhoudings bring ook uit wat regtig binne ons is.

Soos: 'n Glas wat omgestamp word of tandepasta wat gedruk word

**Wat binne is, kom uit.**

- Wie is mense wat eerlik met jou kan wees oor jou lewe?
- Is daar mense wat jou help om geestelik te groei?
- Hoe kan hierdie selgroep 'n plek wees waar ons mekaar help groei?
- Waar toets ander verhoudings jou karakter of vrug die meeste?

## 3. Verhoudings maak ons braaf

Jesus waarsku in Johannes 15 dat die wêreld nie altyd van Sy volgelinge gaan hou nie.

Dit is hoekom ons geestelike community nodig het.

Wanneer ons saam met ander gelowiges leef:
- voel ons minder alleen
- kry ons moed
- groei ons geloof

Die vroeë kerk het sterk vasgehou aan gemeenskap omdat dit vir hulle 'n plek van veiligheid en moed was.

Vrae
- Het jy 'n voorbeeld van waar jy vir 'n aksie opgedaag het en ander se toewyding tot die tema jou so klein bietjie gehelp het om nie so uit of selfbewus te voel nie? (vraag kan help om weer die groep se aandag en fokus terug te bring deur mekaar se stories.)

- Waar ervaar jy tans geestelike gemeenskap?
- Hoe help ander gelowiges jou om sterker in jou geloof te wees?
- Hoe kan ons as selgroep mekaar meer ondersteun?

**Praktiese fokus: Liefde moet geleef word**

Lees saam: **1 Korintiërs 13:1–3**

Paulus sê:
Jy kan baie kennis hê
Groot geloof hê
Selfs groot geestelike gawes hê

Maar sonder liefde beteken dit niks.

En dan sê hy:

*"Julle moet die liefde **nastreef.**"* (1 Kor 14:1)

Liefde is nie net 'n gevoel nie.

Dit is iets wat ons aktiwief nastreef en leef.

Bespreek:
- Waar trap ons in die strik om "diepte" en God se teenwoordigheid met emosionele ervarings of bo-natuurlike gebeure, te assosieer?
- Hoe lyk dit prakties om liefde te leef in ons geloofsgemeenskap?
- Is daar iemand wat God op jou hart sit om hierdie week te bemoedig of te help?
- Waar kan jy meer doelbewus liefde wys?

**Praktiese uitdaging vir die week**

Hier is drie eenvoudige uitdagings:

**1. Bemoedig iemand**
**Stuur 'n boodskap of bel iemand in jou geloofsgemeenskap.**

**2. Wees eerlik**
**Gesels met iemand oor iets waarin jy wil groei of mee stoei**

**3. Wys liefde prakties**

**Doen iets klein maar doelbewus vir iemand anders.**

**Gebed**

Bid vir mekaar vir:

- Groei in liefde
- Sterker geestelike gemeenskap
- Moed om Jesus te volg in die wêreld
- Dat ons lewens vrug sal dra wat ander seën

Geloof is 'n social event.
Ons groei, ontdek betekenis en dra vrug saam met ander mense.